PSALM 5 : Help my om u wil te doen

Vir die koorleier: Met fluitspel. 'n Psalm van Dawid.
Refrein = TT Cloete 2001. Melodie: H Pieter van der Westhuizen 2001

Refrein



Voorg: Luister tog na my woorde, Here, hoor hoe ek sug.
Gee tog aandag aan my hulpgeroep, my Koning en my God, want tot U bid ek.
Refrein: Mag ons u liefde toegewy wees, U ons naby wees.
Voorg: U luister na my stem in die môre, Here,
in die môre terwyl ek voor U verskyn en op U wag.
U is nie 'n God wat onreg verdra nie, die kwaad het by U geen plek nie.
Hooghartiges durf nie voor U kom nie.
U haat almal wat onreg doen, U roei alle leuenaars uit.
Die Here verafsku moordenaars en bedrieërs.
Refrein: Mag ons u liefde toegewy wees, U ons naby wees.
Voorg: Maar ek, ek mag deur u groot liefde in u huis ingaan
en in u heilige tempel buig met die eerbied wat U verskuldig is.
Omdat ek vyande het, Here, leer my tog wat reg is en help my om u wil te doen.
Refrein: Mag ons u liefde toegewy wees, U ons naby wees.
Voorg: Niks wat hulle sê is waar nie; al waaraan hulle dink, is my ondergang.
Hulle vlei my, maar hulle wil my in die graf laat beland.
Laat hulle daarvoor boet, o God, laat hulle deur hulle eie planne tot niet gaan.
Dryf hulle weg oor hulle baie sondes, want hulle is opstandig teen U.
Refrein: Mag ons u liefde toegewy wees, U ons naby wees.
Voorg: Maar laat almal wat by U skuil, bly wees, laat hulle altyd jubel.
U beskerm dié wat u Naam liefhet, en hulle juig oor U.
U laat dit goed gaan met die regverdige, Here, u goedheid beskerm hom soos 'n skild.
Refrein: Mag ons u liefde toegewy wees, U ons naby wees.